

# **‘n EKONOMIESE BENADERING TOT MEGANISASIEBESTUUR**

**DEUR**

**DR PHILIP THEUNISSEN**

---

## **KOSTEKOMPONENTE: DIE STRUKTUUR VAN MEGANISASIEKOSTE**

Meganisatiekoste word normaalweg onderverdeel in die koste van eienaarskap en dan die koste van gebruik. Die koste van eienaarskap is gewoonlik ñ vaste koste en word as oorhoofse koste beskou. Daar teenoor is gebruikskoste, of dan operasionele koste, weer ñ veranderlike koste of ook ñ direkte koste. Hierdie koste varieer direk met die tydsduur wat die masjien gebruik word. Vaste koste sluit in waardevermindering, koste van kapitaal (hetsy rente op ñ lening of geleentheidskoste van eie kapitaal), lisensiegelde, versekering, behuisingkoste en ook die koste van onderhoudsfasiliteite. Hierdie koste bly ñ vaste bedrag ongeag of die masjien gebruik word of stilstaan.

**Die doelwit van meganisatiebestuur is dat dit op ‘n koste-effektiewe manier tot totale bestuur moet bydra. ‘n Begrip van die verskillende koste-komponente en die toepassing van behoorlike ekonomiese beginsels op die meganisatiesistelsel sal positief tot die wins van ‘n boerdery bydra.**

Veranderlike koste ontstaan sodra die masjien gebruik word. Dit sluit in herstelwerk, onderhoud, bandstof, olie en operateurskoste. Die hoeveelheid koste sal uiteraard varieer soos wat die masjien meer of minder gebruik word.

Die boer moet die verskillende koste-items, wat vaste- en veranderlike koste uitmaak, ken. Dit sal hom help om meganisatiekoste te bereken en om sy meganisatiesistelsel effektief te kan bestuur.

### **Depresiasie**

Depresiasie is die resultaat van slytasie en veroudering van ñ masjien. Die graad van veroudering kan beteken dat die masjien se waarde klein bietjie bokant of klein bietjie onderkant die gemiddelde waarde van soortgelyke masjiene se waarde is. Die implementering van nuwe tegnologie of nuwe ontwerpe kan die waarde van ñ gebruikte masjien redelik drasties laat verlaag. Ouderdom is egter normaalweg die grootste bepaler van depresiasiekoste en dit word gewoonlik teen ñ vaste koers oor die masjien se leeftyd bereken.

Daar is twee faktore wat depresiasie beïnvloed. Eerstens moet daar ñ beraming van die masjien se verwagte lewensduur gemaak word. Tweedens moet daar ñ skatting van die masjien se herwinningswaarde, na afloop van die lewensduur, gemaak word. Die verskil tussen huidige waarde en die herwinningswaarde is die koste waarmee die masjien gaan verouder en dit word dan jaarliks oor die verwagte lewensduur as ñ koste afgeskryf.

### **Rente of geleentheidskoste**

Wanneer geld geleen word om ñ masjien mee aan te koop, sal die kredietverskaffer die rentekoers vasstel waarteen die lening terugbetaal moet word. Wanneer die boer die masjien kontant aankoop,

ontstaan daar ñ geleentheidskoste soortgelyk aan die rentekoers van geleende geld omdat die boer hierdie geld moontlik iewers anders kon belê het. As daar ñ inflasieverwagting is, moet die rente of geleentheidskoste die inflasiekoers reflekteer.

### **Lisensiegelde, versekering en behuising**

Hierdie drie kostekomponente is gewoonlik baie laag in vergelyking met depresiasie en rente maar moet tog by die berekening van masjineriekoste in ag geneem word. Die lisensiegelde en versekering kan gewoonlik presies bepaal word maar die behuising moet pro rata as deel van die stoor se oprigtingskoste bereken word. ñ Ander alternatief is om die verskil in verouderingskoste te bepaal as die masjien nie in ñ stoor staan nie maar in die wind en weer gelaat word teenoor wanneer dit wel ñ behoorlike stoorplek het.

### **Totale vastekoste**

Totale vaste koste word bereken deur die vaste kostekomponente bymekaar te tel. Dit is dus depresiasie plus rente/geleentheidskoste plus lisensies, versekering en behuising. Hierdie koste kan dan as ñ koste per uur uitgedruk word op grond van die tyd wat die masjien per jaar gebruik word. Vaste koste bly vas maar hoe meer die masjien dus gebruik word, hoe laer is die vaste koste per uur.

### **Herstel en onderhoud**

Herstelkoste ontstaan uit slytasie en verwerping van onderdele as gevolg van normale gebruik van die masjien. Onderhoud is die periodieke instandhouding van items soos filters, bande en batterye wat gewoonlik ñ beperkte leeftyd het en vervang moet word sodat die masjien effektief kan bly funksioneer.

Herstelkoste sal van plaas tot plaas wissel na gelang van die boer se spesifieke bewerkingspraktyke en ook sy operateur se kundigheid. Grondtipes, terrein en klimaat sal ook die herstelkoste beïnvloed. Onderhoudskoste daar teenoor word gewoonlik deur die masjienverskaffer se onderhoudsbeleid beïnvloed.

Dit is nie baie moeilik om onderhoudskoste vooruit te skat as die verwagte ure wat die masjien gaan werk bekend is nie. Dit is wel moeilik om herstelkoste vooruit te skat en die beste riglyn hiervoor is die boer se eie historiese rekords.

### **Brandstof**

Brandstofkoste kan op twee maniere bereken word. Eerstens is daar gewoonlik riglyne beskikbaar van instansies soos LNR Landbou-ingenieurswese of masjienvervaardigers self wat ñ aanduiding gee van hoeveel brandstof ñ masjien vir ñ spesifieke aktiwiteit behoort te gebruik. Tweedens kan die boer sy werklike brandstofverbruik uitwerk deur die trekker vol te maak voor ñ taak verrig word, te meet hoeveel uur die trekker werk, die brandstofteknik dan weer aan die einde van die taak vol te maak en dan ñ eenvoudige deelsom uit die inligting te doen.

### **Olie**

Die koste van olie en ander smeermiddels kan uit die masjien se onderhoudsprogram bereken word. Die vervaardiger spesifiseer gewoonlik na hoeveel uur die olie vervang moet word en hoeveel liter die masjien se oliekapasiteit is. Die olie se prys kan dan gebruik word om oliekoste per uur te bereken.

## **Arbeid**

Die koste van die operateurs kan per uur bereken word om die arbeidskomponent van meganisasiestekoste te bepaal. Die maandelikse vergoeding van die operateur kan maklik na 'n uurlikse koste omgerek word. Handlangers wat by die opstelling of laai van 'n masjien gebruik word, byvoorbeeld by planters, se loon moet ook in berekening gebring word.

## **Totale veranderlike koste**

Totale veranderlike koste kan nou bereken word deur al die veranderlike kostekomponente bymekaar te tel. Dit sluit dus in herstel en onderhoud, brandstof, olie en arbeid.

## **Totale koste**

Nadat vaste en veranderlike koste bereken is, word totale koste bereken deur weer vaste en veranderlike koste per uur bymekaar te tel om die meganisasiestekoste per uur te bepaal. Koste van implemente wat deur 'n trekker aangedryf moet word se koste word op dieselfde manier bepaal. Daar sal net eers twee afsonderlike berekenings wees naamlik een vir die implement en een vir die trekker. Die spesifieke bewerking se koste sal dan die totaal van die twee afsonderlike berekenings wees.